AAN-DIE-BERG
Huiskerke

HUISKERKE – KOM ONS BOU ONS GEMEENTE

Wat laat 'n gemeente leef?

Is dit flink leraars wat alle behoeftes bevredig? Ywerige kerkraadslede wat aksies laat vlot? Die kerkorrel wat meesleur met die mooiste hemelmusiek? Dinamiese aksies wat gemeentelede uitdaag om op elke terrein van die lewe by te dra en te getuig?

In 'n mate wel! Maar daar is baie meer as dit...

Ten diepste leef 'n gemeente wanneer elke gemeentelid getrou met die Bybel omgaan en self God se stem hoor en self die 'strome lewende water' wat Jesus gee (Johannes 7:38) laat uitstroom na 'n dorstige wêreld. M.a.w. in elkeen se lewe gebeur 'beslissende oomblikke' van ontmoeting met God wat die gemeente soos suurdeeg deurtrek.

Johannesburgers is besige mense en uit ons gemeente is hier baie leierskap wat in die harde wêreld daar buite hulle hande vol het. Eredienste word nie meer beleef as 'noodsaaklikheid' nie.

Ons moet nuwe maniere vind om die Koninkryk van God te dien binne en buite ons gemeente.

Die heel beste manier om dit te doen, is om die BYBEL volledig tot sy reg te laat kom in mense se lewens.

Ons wil dit graag so doen:

Parallel aan huidige selgroepe wil ons *huiskerke* loods. Die term mag bietjie vreemd op die oor voel, maar dis net 'n nuwe geur aan kleingroep-bestaan.

FREKWENSIE EN INHOUD:

- Ons nooi gemeentelede om in te skakel by 'n 'huiskerk' groep
- Groepe kom een keer per maand bymekaar
- Vooraf saamgestelde gedeeltes uit die Bybel word as opdrag gegee om te lees (huiswerk, sommer as deel van jou stiltetyd)
- Jy maak aantekeninge van goed wat jou opval; opdragte, uitdagings, bemoediging en insig (en meer...)
- Die groep se byeenkoms word dan gebruik om die gedeeltes te bespreek en die waarde wat dit vir elkeen ontsluit het, te deel. Groot vryheid van beweging word toegestaan.
- Ons wil ook graag geleenthede skep waar gemeentelede dit op wyer vlak met mekaar kan deel. Dalk kwartaalliks 'n informele nagmaal op Sondagaand – ons wil 'n gemeente wees wat dinamies groei.

Kom meld asb. aan by die teetafel na kerk en gee jou naam op.
Die Here het hierdie afspraak met jou en sy Woord!

17 Lawleylaan, Northcliff, 2195 • www.aandieberg.co.za • info@aandieberg.co.za
Tel: (011) 782-5231 • Faks: (011) 888-7074